ELEKTRISITEITSBESTUUR

Jotam bestuur elektrisiteit op die volgende wyse:

1.0 Verbruik word volgens die kleinmaattarief van die stadsraad aangeslaan.

2.0 Die verskil (indien enige) tussen die grootmaatrekening wat deur Jotam aan die stadsraad betaal word en die kleinmaattarief wat op okkupeerders gehef word, word as vergoeding behou.

3.0 Die vergoeding volgens punt 2 is nie voldoende nie en daar word ‘n basiese diensfooi in die vorm van ‘n heffing gehef (R57.00). Inwoners word deurlopend op hoogte van tariewe gehou. Vir die onthalwe van verbruikers is dit onverstandig om lae pryse na te jaag, aangesien dit die risiko vergroot dat die bestuursfirma nie sy verpligtinge kan nakom nie en in die proses ondergaan – met die geweldige implikasies wat dit vir die welsyn van die skema en sy mense inhou.

4.0 Deposito’s wat groot genoeg is om verliese te voorkom, word deur Jotam gehou om verliese te dek en enige verliese is vir die rekening van Jotam Bestuursdienste. As gevolg hiervan word agterstallige rekeninge baie streng en korrek deur Jotam hanteer – dis óns verlies as daar foute of verliese is! (By die munisipaliteit en ander elektrisiteitsfirmas word verliese op die eienaar of skema afgewentel.)

5.0 Die verskil tussen die hoofmeter wat deur die munisipaliteit gelees word en die totaal van die individuele meters, word as ongeleesde gemeenskaplike verbruik gefaktureer. Waar daar meters is vir gemeenskaplike gebruik word dit gelees en teen dieselfde kleinmaattarief as ander verbruik aan die regspersoon gefaktureer.

6.0 Elektrisiteitsbestuur word op dieselfde rekening as die heffings gedoen (indien die verbruiker die eienaar is) aangesien dit ook die invorderings van heffings vergemaklik. Betalings wat ontvang word, word toegewys in die volgende volgorde:
- 6.1 Diverse kostes soos rente, kredietadministrasie, ens.
- 6.2 Heffings
- 6.3 Elektrisiteit

7.0 Om uitvoering aan punt 6 te gee, word die elektrisiteit deur die boekhouding van die regspersoon bestuur. Slegs bedrae gehef vir verbruik word onttrek. ‘n Faktuur word maandeliks gelewer wat die bedrae uiteensit.

8.0 Kredietadministrasie deur Jotam is effektief en konsekwent. Dit word volgens die gepubliseerde kredietbeheerbeleid hanteer, wat van tyd tot tyd aan alle eienaars en verbruikers gesirkuleer word en wat op aanvraag beskikbaar is.

9.0 Aangesien sowel die heffings as elektrisiteit vanuit die trustrekening bestuur word en ons gebruik maak van ‘n uiters effektiewe rekenaarprogram, spesiaal ontwikkel vir die doel, word die verbruiker deur die Raad vir Eiendomsagentskapsaangeleenthede se getrouheidsfonds, beskerm. Die trustrekening word deurlopend gerekonsilieer en gemonitor en word jaarliks deur onafhanklike ouditeure geoudit en ‘n verslag aan die Raad gestuur. Die boekhoudings van skemas is egter onafhanklik en in ‘n maklik verstaanbare formaat, wat die trustees/direkteure in totale beheer van die skema se fondse plaas.